education

Department:
Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**AFRIKAANS TWEEDE / ADDISIONELE TAAL V1**

**STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**102-2/1**

X05

AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL SG: Vraestel 1

102 2 1 SG

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 en 3)

   AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4)

   AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK (VRAAG 5, 6 en 7)

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde soos wat die vrae genommer is.

5. Begin ELKE VRAAG (VRAAG 1 - 7) boaan 'n nuwe bladsy.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beplan jou tyd.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: INTERNETTEKS**

- Lees die volgende teks versigtig deur.

**HOE KAN SUID-AFRIKA MINDER ARM MENSE HÊ?**

1 Wat is armoede?
Armoede beteken om sonder geld te wees. As 'n mens nie geld het nie, kan jy nie kos, klere en 'n huis koop nie. Regoor die wêreld is daar mense sonder geld. In Suid-Afrika is armoede ook 'n groot probleem.

2 Beter opleiding.
Ons kan baie doen om armoede te keer. As ons meer goeie onderwysers het, sal meer mense 'n goeie skoolopleiding kry. Só sal ons dan ook baie meer opgeleide mense hê wat hulle plek kan vol staan. In Suid-Afrika het ons sulke mense baie nodig.

3 Entrepreneurs.
Ons het ook mense nodig wat werk kan skep. Hulle word entrepreneurs genoem. Hulle gee werklose mense die kans om geld te verdien en om teen armoede te veg.

4 Skoon omgewing.
As 'n mens in 'n skoon area woon, sien jy die lewe anders as iemand wat in 'n area woon wat nie netjies is nie. Vir mense wat sukkel om aan die lewe te bly, is die laaste ding waaraan hulle dink, om netjies te wees. As ons armoede in Suid-Afrika wil minder maak, moet ons die omstandighede waaronder mense bly, beter maak.

5 Hoe om armoede minder te maak.
Armoede sal ook minder word as mense leer om trots te wees op hulself, hul werk en waar hulle bly. As mense trots is op hulself, sal hulle nie op straathoeke bedel nie. As ons arm mense rondom ons verstaan en liefhet, help ons om teen armoede te baklei.

6 Brandarm tot skatryk.
Anton Rupert was een van Suid-Afrika se rykste mense. Hy het baie arm grootgeword. Sy resep vir sukses was eenvoudig: harde werk en eerlikheid.

[Verwerk van die Internet]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

1.1 Wat beteken dit om arm te wees? (1)

1.2 Gee EEN rede hoekom Suid-Afrika goeie onderwysers nodig het. (1)

1.3 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR?
Haal elke keer EEN SIN aan om te bewys waarom jy so sê.

1.3.1 Mense wat sukkel om aan die lewe te bly, gee om hoe hulle blyplekke lyk. (2)

1.3.2 Suid-Afrika het nie meer opgeleide mense nodig nie. (2)

1.3.3 Ons kry net in Suid-Afrika arm mense. (2)

1.4 Wat doen 'n entrepreneur? (1)

1.5 Hoe kan ons volgens paragraaf 4 armoede minder maak? (1)

1.6 Wat sal help om te keer dat iemand bedel? (1)

1.7 Op watter TWEE maniere kan ons volgens paragraaf 5 help om teen armoede te baklei? (2)

1.8 Jy wil nie eendag arm wees nie.
Noem TWEE dinge uit die teks wat jy dan sal moet doen. (2)
**[15]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 2: ADVERTENSIE

- Lees die volgende advertensie versigtig deur.

# TROTS SUID-AFRIKAANS
# Wen heerlike pryse!

**Vir grootmense**.

- *Huisgenoot* bied 'n kompetisie aan.
- Jy het net 'n kamera of 'n potlood en papier nodig.
- Professionele fotograwe mag nie deelneem nie.
- Dis 'n kans vir gewone mense om hulle talente te wys.
- Neem enige Suid-Afrikaanse toneel af.

**Vir kinders**.

- Kinders jonger as dertien kan 'n prentjie van enige iets in Suid-Afrika teken.

**Wedstrydreëls**:

- Moenie e-posinskrywings of fakse stuur nie.
- Stuur slegs foto's en sketse van Suid-Afrika in.
- Sê by elke foto waar dit geneem is.
- Gee vir elke foto 'n titel.
- Die sluitingsdatum is 16 Desember 2006.
- Stuur inskrywings aan: Trots Suid-Afrikaans, Posbus 6929, ROGGEBAAI, 8012.

**PRYSE**

Die wenner van die foto-kompetisie kry R5 000 kontant, plus 'n Casio digitale kamera van R3 500. Die tweede en derde pryswenners kry elkeen 'n Casio mini-televisie van R1 500 elk.

Die tekenkompetisie-wenner kry R2 000 kontant, plus 'n Samsung radio van R1 299. Die tweede en derde pryswenners kry ook elkeen 'n Samsung van R1 299 elk.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 Augustus 2005]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

2.1 Wat is, volgens die titel, die doel van hierdie kompetisie? (1)

2.2 Watter tydskrif bied hierdie kompetisie aan? (1)

2.3 Watter tipe foto's moet 'n mens vir hierdie kompetisie instuur? (1)

2.4 Watter firma gee die pryse vir die …

2.4.1 foto-kompetisie? (1)
2.4.2 tekenkompetisie? (1)

2.5 Wat kry die wenner van die tekenkompetisie wat die tweede en derde pryswenners nie kry nie? (1)

2.6 Hoe moet 'n mens foto's en sketse vir hierdie kompetisie instuur? (1)

2.7 Waarom mag professionele fotograwe nie aan die kompetisie deelneem nie? Gee 'n volledige antwoord. (2)

2.8 Hoe weet ons dis nie 'n kompetisie net vir grootmense nie? (1)

2.9 Noem TWEE dinge wat jy by elke foto moet sê. (2)

2.10 Hoe sal kinders, wat nie foto's kan neem nie, ook kan inskryf? (1)
**[13]**

**VRAAG 3: STROKIESPRENT**

- Lees die volgende strokiesprent deur.
- Jy sal gepenaliseer word as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.




[Verwerk uit: *Tydskrif- Rapport*, 3 Mei 1978]

3.1 By wie gaan die kinders kuier? (1)

3.2 Gee TWEE redes waarom die kinders se ma hulle soontoe stuur. (2)

3.3 Waarom is mev. Pieterse ongelukkig? (1)

3.4 Hoe kry Carol Pieterse haar buurvrou terug? (1)

3.5 Gee TWEE bewyse uit die teks dat dit baie koud is. (2)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 4: JY WIL VEILIG WEES: WAT JY NIE MOET DOEN NIE

### INSTRUKSIES

- Skryf SEWE dinge neer wat jy nie moet doen nie as jy veilig wil wees.
- Skryf elke feit in jou eie goeie volsin neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar van 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 100 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 100 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### DINGE WAT JY NIE MOET DOEN NIE AS JY VEILIG WIL WEES

Rowers hou van winkels waar hulle maklik van die parkeerterrein af tot by die winkel kan kom. Dan kan hulle weer maklik uitglip. Wees versigtig naby hierdie winkels.

Rowers hou veral van Sondagmiddae, omdat daar ná 'n naweek baie geld in die winkels is. Die meeste rooftogte vind plaas net voor oopmaaktyd en net na toemaaktyd. Wees versigtig rondom hierdie tye.

Hou jou oë en ore oop. Jy moenie toelaat dat rowers sien wat jy gekoop het nie. Vrouens moet seker maak dat hulle handsakke reg toegemaak is. Moenie 'n handsak oor 'n stoel hang of 'n selfoon op 'n tafel voor jou sit terwyl jy in 'n restaurant eet nie.

Twee belangrike dinge: moet nooit met 'n rower praat nie en moet hom nooit in die oë kyk nie! Dit is baie belangrik om nie terug te baklei as 'n rower jou aanval nie. Gee hom wat hy vra. Niks wat jy het, is belangriker as jou lewe nie. 'n Rower gee nie om of jy leef of sterf nie. In 22% van alle rooftogte word iemand beseer en dis nooit die rower nie!

Die tweede ding is: Val dadelik plat as jy iemand hoor skiet en bly op die grond tot jy seker is dat alle gevaar verby is. Onthou, jy is nie *Superman* of *Superwoman* nie!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 November 2005]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

## VRAAG 5: WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

- Bestudeer die volgende spotprent versigtig.



[Verwerk uit: *Die Burger*, 19 September 2003]


## INSTRUKSIES

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord.

| | |
|---|---|
| Die tannie rol die deeg uit met haar twee sterk 5.1 (arm). Sy bak groot koeksisters en ook 'n paar klein 5.2 (koeke). | 5.1 Gee die korrekte vorm.<br>5.2 Gee die korrekte vorm. |
| Sy lyk baie 5.3 (besig) as haar man. Hy sit heeldag 5.4 (baie stil).<br>Hy is 'n 5.5 (oud) man. | 5.3 Gee die korrekte vorm.<br>5.4 Gee EEN woord.<br>5.5 Gee die korrekte vorm. |
| Hy lees 5.6 (sleg) nuus in die koerant. Die tannie kyk vir 5.7 (hy/hom/sy). Sy is bang hy laat die heel 5.8 (mooi) van al haar glase val. Die drank 5.9 (in + dit) is bitter. | 5.6 Gee die korrekte vorm.<br>5.7 Kies die korrekte woord.<br>5.8 Gee die korrekte vorm.<br>5.9 Gee EEN woord. |
| Hy moet nie 5.10 (drink/drank/dronk) word nie. Dis nou al die 5.11 (ses) glas wat hy geskink het. Hy is natuurlik kwaad 5.12 (vir/met) sy vrou, omdat sy hom so dophou. | 5.10 Kies die korrekte woord.<br>5.11 Gee die korrekte vorm.<br><br>5.12 Kies die korrekte woord. |

Kopiereg voorbehou 

- Bestudeer die volgende prent versigtig.



[*Microsoft Clipart*]

**INSTRUKSIES**

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord.

| | |
|---|---|
| Jerry en sy suster, Susie, sit 5.13 (in die aand) voor die 5.14 (televisie). | 5.13 Gee EEN woord.<br>5.14 Gee die afkorting. |
| As dit 5.15 (eet + tyd) is, bestel hulle kos van die kafee af. Die 5.16 (bestel) is gewoonlik pizzas en hamburgers en hulle maak vir hulle 5.17 (tee, koffie of koeldrank). | 5.15 Gee EEN woord.<br>5.16 Gee die korrekte vorm.<br>5.17 Voltooi die EEN woord wat begin met: d…goed. |
| Sulke kos is 5.18 (gesond). Suzie se klein boetie is baie 5.19 (gehoorsaam). Dit is nie vir haar 5.20 (hard/moeilik) om hom op te pas nie. Sy praat nie twee 5.21 (keer/kere) met hom nie. Hy 5.22 (breek/breuk) nooit iets in die huis nie. | 5.18 Gee die antoniem.<br>5.19 Gee die sinoniem.<br>5.20 Kies die korrekte woord.<br>5.21 Kies die korrekte woord.<br>5.22 Kies die korrekte woord. |
| Nadat hulle 5.23 (ge-eet/geëet/geëet) het, sal hy aan die slaap 5.24 (raak/val/word). | 5.23 Kies die korrekte spelling.<br>5.24 Kies die korrekte woord. |
| | (24÷2) |

**[12]**

## VRAAG 6: SINSTRUKTURE

- Die taalvrae wat volg, is op die volgende prent gebaseer.



[Verwerk uit: *Tydskrif- Rapport*, 7 Maart 2004]

6.1 Rangskik die volgende groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.

Die man ry (kaalvoet)(elke dag)(in die dorp) rond.
Die man ry ... . (1)

6.2 Verbind die volgende twee sinne met die woord tussen hakies.

Die man loop sonder skoene rond.
Die sand brand sy voete. (dus) (1)

6.3 Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui.

6.3.1 Jan help altyd almal.
Jan hou daarvan om … . (1)

6.3.2 Trudie se motor gee baie probleme.
Nee, … . (1)

6.3.3 Trudie dra 'n gieter.
'n Gieter … . (1)

6.3.4 Trudie het vergeet om petrol in te gooi.
Gister … (2)

Kopiereg voorbehou 

6.3.5 Trudie raas, want Jan moet skoene aantrek.
Trudie raas, want Jan behoort … . (1)

6.3.6 Jan sê vir Trudie: "Ek loop altyd kaalvoet."
Jan sê vir Trudie dat … . (2)

6.3.7 Trudie raas altyd met Jan.
Nee, … . (2)

6.3.8 Die honde ry ook agterop die bakkie.
Verlede week … . (1)

6.3.9 Die honde blaf ook vir vreemdelinge.
Volgende week … . (1)

6.4 Verbind elke keer die twee sinne met die woord tussen hakies.

6.4.1 Trudie was onbeskof.
Jan sal haar nie weer help nie. (daarom) (1)

6.4.2 Trudie kyk na Jan se voete.
Hy is kaalvoet. (omdat) (1)

6.4.3 Die honde het geskrik.
Trudie raas so baie. (want) (1)

6.5 Skryf die volgende sin oor as 'n vraag op die antwoord wat volg.

Sin: Jan gaan haar help.

Vraag: ……………….?

Antwoord: Ja, Jan gaan haar help. (1)
**[18]**

**VRAAG 7: KOMMUNIKASIE**

**INSTRUKSIES**

- Bestudeer die prente in hierdie vraag.
- Lees die situasie by elke prent.
- Voltooi dan die opdrag.

7.1 **BEDANKING**



[*Microsoft Clipart*]

Situasie: Dit is jou verjaarsdag en jou ouma en oupa bring vir jou geskenke. Dit is net wat jy nodig gehad het en jy is baie bly daaroor.

Opdrag: Skryf EEN sin (nie meer as 15 woorde nie) en sê hoe jy hulle sal bedank.

Jy: "............................................................................ ." (2)

7.2 **VERSOEK RIG**



[Verwerk uit: *Rapport*, 20 Desember 2000]


Situasie: Die vrou is in die winkel en sy het nie 'n sak saamgebring om haar inkopies in te pak nie.

Opdrag: Hoe sal sy vir die kassiere vra om vir haar 'n sakkie te gee? Kies EEN van die volgende moontlikhede.

A Moet ek alweer vir 'n sakkie betaal?
B Kan ek asseblief 'n sakkie kry om my inkopies in te pak?
C Waarin moet ek nou alles pak wat ek gekoop het?
D Hoekom kry ek nie 'n sakkie vir my inkopies nie?

(1)

7.3 **IEMAND VOORSTEL**



[Verwerk uit: *Textes de Daniel de Bourdais*]

Situasie: Jy stel jou vriend, Andrew, aan jou broer, Simon, voor.

Opdrag: Wat sal Simon vir Andrew sê wanneer jy hom voorstel?

Kies EEN van die volgende moontlikhede.

A Lekker om jou te ontmoet!
B Hoe is jy vandag?
C Wie is jy dan? Ken ek jou?
D Dis 'n goeie ontmoeting!

(1)

7.4 **BLYDSKAP UITSPREEK**



[Verwerk uit: *Textes de Daniel de Bourdais*]

Situasie: Ma kom laat by die huis. Sy is baie bly dat haar kinders die aandete gemaak het.

Opdrag: Wat sal Ma vir haar kinders sê of vra om te wys dat sy bly is?

Kies EEN van die volgende moontlikhede.

A Sjoe! Dit lyk wonderlik! Baie dankie vir alles.
B Ag nee, julle! Wat het julle hier aangevang?
C Hoekom het julle my nuwe tafeldoek gebruik?
D Dankie, maar ek gaan nie die skottelgoed was nie. (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**GROOTTOTAAL: 80**